# JEUG – Familie Funaand 2

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER: Bybelse opwarmingsoefening

- ***Oefening 1: Gesig oefening***
    - ***Fil 4:4*** "Wees bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!"
    - ***Almal 'oefen' om te 'smile'***
- ***Oefening 2: Oor oefening***
    - ***Jak 1:19*** "My liewe broers, dit moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie"
    - ***Vertel vir die een langs jou van iets wat vandag met jou gebeur het***
- ***Oefening 3: Oog oefening***
    - ***Heb 12:2*** "die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof"
    - ***Almal 'oefen' om oog te knip***
- ***Oefening 4: Brein oefening***
    - ***Fil 4:8*** "Verder broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat rein is, alles wat mmoi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig."
    - ***Gee vir elke groep 'n 'brainteaser' om op te los***
- ***Oefening 5: Asemhalingsoefening***
    - ***Ps 150:6*** "Laat alles wat asem haal die Here prys!"
    - ***Laat almal asems intrek vir 3 tellings hou en uitblaas, herhaal 'n paar keer***

## 3. BYBEL SCAVENGER HUNT:

***<u>Instruksies:</u>***

Elke groep gaan 'n lys met Bybelversies kry. Een van die woorde in die versie gaan uitgelaat wees. Lees die Bybelvers in julle Bybels gaan soek daardie artikel wat uitgelaat is of iets op daai plek soos bv die kombuis, boilerroom ens. Van dit sal binne die gebou wees en van dit buitekant – gebruik julle 'common sense' vir hierdie een asb! Al ken jy as die leier die vers, laat die kinders dit nogsteeds lees en SELF die antwoord soek!! NIKS sal in die kinderkerk wees nie, so moet asb NIE die Kleinspan gaan pla nie!

## BYBEL SCAVENGER HUNT:

| Bybelvers | | Artikel |
|---|---|---|
| 1. | ***Open 3:5***<br>Elkeen wat die oorwinning behaal, sal sulke wit klere dra. Ek sal nooit sy naam uit die ……………. van die lewe uithaal nie, en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort | **Boek** |
| 2. | ***Jes 64:6***<br>Ons het almal geword soos mense wat onrein is, ons beste dade is soos vuil klere; ons is almal soos …………., ons word deur ons sondes weggewaai soos deur 'n wind. | **Verdroogde blaar** |
| 3. | ***Matt 10:42***<br>Wie aan een van hierdie geringstes net 'n ……………..gee omdat hy my dissipel is, sal belonging kry. Dit verseker Ek julle. | **Beker koue water** |
| 4. | ***Daniel 3:15 d***<br>Maar as julle hom nie aanbid nie, sal julle dadelik in 'n ………………. geggooi word en watter god sal julle uit my mag kan red? | **Brandende oond** |
| 5. | ***Ps 1:3***<br>Hy is soos 'n …….. wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. | **Boom** |
| 6. | ***Matt 19:14***<br>Maar Jesus het gesê: "Laat staan die ……………… en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle" | **Kindertjies / Moederskamer** |
| 7. | ***Lukas 15:8***<br>Of watter vrou wat tien ………. het en een raak weg, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie? | **Muntstuk / Kerkkantoor** |
| 8. | ***Matt 10:30***<br>Van julle is selfs die ……………….. op julle kop almal getel. | **Hare** |
| 9. | ***Deut 32:2***<br>My onderrig kom na julle toe soos reënwater, my woorde verkwik julle soos dou, soos sagte reëns op die ……………………… | **Gras** |
| 10. | ***1 Sam 4:18***<br>Toe hy praat van die ark van God, het Eli daar by die poort van sy …………………………. af agteroor geval. | **Stoel** |
| 11. | ***Luk 14:27***<br>Iemand wat nie sy eie ………………….. dra en agter My aan kom nie, kan nie my dissipel wees nie. | **Kruis** |
| 12. | ***Matt 21:42***<br>Die …………………… wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste ……………………. in die gebou geword. | **Klip** |
| 13. | ***Matt 16:19***<br>Ek sal aan jou die …………………… van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly, en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly. | **Sleutels** |
| 14. | ***Eksodus 3:5***<br>Die Here sê toe vir Hom: "Moenie nog nader kom nie. Trek uit jou ………………, want die plek waarop jy staan is gewyde grond. | **Skoene** |